STEL JY BELANG OM BY iPlan? TE WERK

Kom ons bespreek eers wat iPlan aanbied aan en verwag van ons werknemers. As dit vir jou nommerpas klink, wil ons graag van jou hoor.

Eerstens en belangrikste is dat iPlan 'n langtermynfokus het. Aan ons kliënte bied ons oplossings wat in die praktyk moet bly staan lank nadat individuele projekte afgehandel is. Ons probeer altyd dink en doen wat die beste vir die kliënt is; en spesifiek nie aan korttermyn gewin nie. Van ons werknemers verwag ons dieselfde etos; en ook dieselfde langtermynvisie.

Tweedens vind die werk by ons kliënte se persele plaas, nie by ons kantore in Pretoria en Kaapstad nie. Meestal is die werk in die industriële gebiede van Gauteng en in 'n mindere mate in die Wes-Kaap. Daar is egter projekte wat vereis dat mens na ander dele van Suid-Afrika moet reis; en ons doen toenemend werk in Afrika. Ons het projekte oorsee hanteer en verwag dat dit weer sal gebeur. Ons gaan waar die werk is...

Ons verwag goeie kommunikasievaardighede. Ons verwag van ons personeel dat hulle gemaklik individueel óf in spanne kan werk; en in spanverband kan saamwerk met mense wat baie verskillend van ons kan wees.

Steeds geïnteresseerd?

iPlan soek mense wat goed gekwalifiseerd is:

Graad in Bedryfsingenieurswese
iPlan stel jaarliks nuut -gegradueerde bedryfsingenieurs aan.

Ander Ingenieursgraad
Dit is voldoende dat jou belangstellings veld in bedryfsprosesse en -stelsels lê, al is jou graad in 'n ander ingenieursdisipline.

Geoktrooieerde Rekenmeester
iPlan stel graag CA's aan wat nie belangstel in 'n ouditberoep nie.

B Sc graad
iPlan is geïnteresseerd in grade met spesialisriging Inligtingstegnologie, Operasionele Navorsing of Statistiek.

B Comm graad
As jy 'n B Comm Informatika graad of 'n B Comm Rekeningkunde graad het en dit met gepaste werksondervinding aangevul het, wil ons graag van jou hoor.

Graad in Besigheidsbestuur
'n MBA of 'n B Comm besigheids-bestuur graad met gepaste werksondervinding is 'n goeie basis vir projekte in bedryfsprosesses en -stelsels.

Om die proses verder te neem, stuur asseblief vir ons 'n CV waarin akademiese sowel as werksondervinding uiteengesit word. Ons stel ook belang in jou as persoon. Rig jou kommunikasie aan **Altrina Viljoen** by **altrinaviljoen@iplan.co.za.**

iPLAN

EMPLOYMENT INFORMATION SHEET

EMPLOYMENT INFORMATION SHEET